

Hoe aanbid jy God?

Die Tweede gebod van die Tien Gebooe! Maan. 16 Augustus 2021

Deut 5:8-10

“8 Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. 9 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, en aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; 10 en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooe onderhou.”

- Die eerste gebod leer aan ons dat ons geen ander gode mag aanbid nie.
- Die tweede gebod leer aan ons dat ons geen afbeelding van God mag maak nie.
- Wat is die verskil tussen die twee gebooe?

Die eerste gebod handel oor Afgodery.

Afgodery is **die voorwerp** van aanbidding.

Afgodery is iets of iemand anders of God op ‘n ande manier te aanbid as wat God in die Bybel van ons vra.

- Daarom is ateïsme ‘n vorm van afgodery.
- Bygeloof is ‘n vorm van afgodery.
- Townaars of waarsêers is ‘n vorm van afgodery.
- Satanisme, New Age Beweging, is alles vorms van afgodery.

Die positiewe van die eerste gebod is dat die Enigste ware God, aanbid moet word. God soos wat Hy hom in die Woord openbaar as een Wese en Drie persone. God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Die tweede gebod handel oor Beeldediens.

Dit gaan hier oor **die wyse** van aanbidding.

- Die regte God, die enigste God, moet op die regte manier aanbid word.
- Die regte God, moet nie deur Beelde aanbid word nie.
- Want niemand weet hoe God lyk nie, die Almagtige God nie.
- Hoe kan jy ‘n beeld maak van God wat nie gesien kan word nie, Hy is te groot te Almagtig.
- **Deut 27:15** “Daar rus 'n vloek op elkeen wat 'n afgodsbeeld uitsny of giet en dit in die geheim êrens neersit om te vereer. Die Here het 'n afsku daarvan. Dit is mensewerk. Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’”

Hoe God aanbid wil word!

God wil aanbid word in gees en in waarheid.

Ons moet erken dat God elke dag vir almal sorg, van die kleinste eensellige diertjie of plantjie tot elke mens, of jy God erken of nie.

God is vir die mens onbegryplik groot.

Jesus Christus het wel as ‘n ware en volkome mens aarde toe gekom, gebore uit die maagd Maria, opgegroeï en dertig jaar oud geword, maar ook van Hom het ons geen beeld of foto nie. Dit is ook goed so anders sou ons almal beeldjies van Jesus Christus gehad het of foto’s.

Die Heilige Gees het in die gestalte van ‘n duif Homself openbaar, (Luk 3:22) ironies dat die wêreld waar daar vrede is of moet wees steeds ‘n duif gebruik. Met die uitstorting van die Heilige Gees het Hy ook soos vuurtong bo die mense verskyn. (Hand 2:3) Maar God is so Almagtig en Groot en Alomteenwoordig, en Alwetende en Alsiende dat ons Hom glad nie in ‘n beeld kan saamvat nie.

Kom ons aanbid en dien Hom deur Lofprysing, Gebed en ons eer Hom as die Enigste Ware God.

Ons aanbid en dien Hom in en deur Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com